REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VORM 8

INLIGTINGSKENNISGEWING AAN KLAER WAT NIE DEUR REGSPRAKTISYN VERTEENWOORDIG WORD NIE

[Regulasie 8]
ARTIKEL 4(2) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (Wet No. 116 van Wet 1998)

INLIGTINGSKENNISGEWING DEUR KLERK VAN DIE HOF

1. Hierdie kennisgewing verduidelik—
   (a) die regsmiddele wat ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998, beskikbaar is; en
   (b) die klaer se reg om ook ’n strafregtelike klag teen die respondent in te dien.

2. U sal hierdie kennisgewing moet onderteken om te bevestig dat voldoen is aan artikel 4(2) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998, en regulasie 8 van die Gesinsgeweldregulasies, 2022, wat ingevolge daardie Wet uitgevaardig is, en wat my verplig om-
   (a) hierdie kennisgewing aan u te oorhandig, wat, indien redelik moontlik, in die amptelike taal van u keuse of wat u verstaan, moet wees;
   (b) hierdie kennisgewing vir u voor te lees of te laat voorlees indien u nie hierdie kennisgewing kan lees nie;
   (c) om by u navraag te doen of u die inhoud van hierdie kennisgewing verstaan; en
   (d) om enige deel van die kennisgewing wat u nie verstaan nie, te verduidelik.

3. U kan—
   3.1 op enige dag en enige tyd, ingevolge die reg, aansoek doen om ’n beskermingsbevel teen enige gesinsgeweld by die Landdroshof binne die gebied waarin-
      (a) u permanent of tydelik woon, studeer, sake doen of in diens is;
      (b) die respondent (die persoon wat ’n handeling van gesinsgeweld pleeg) permanent of deeltyds woon, studeer, sake doen of in diens is; of
      (c) die handeling van gesinsgeweld plaasgevind het.
   3.2 aansoek doen om ’n beskermingsbevel teen ’n persoon wat in ’n gesinsverhouding met u is omdat hulle—
      (a) voorheen of tans met u getroud was of is;
      (b) in ’n saamblyverhouding met u is, maar nie met u getroud is nie;
      (c) ’n ouer van u kind is;
      (d) u familielid deur bloedverwantskap is (bv. ma, pa, broer of suster), affiniteit (bv. stiefma of stiefpa) of aanneming;
      (e) aan u verloof is om te trou, of uitgaan of in ’n gewoonteverhouding met u is; of
      (f) in ’n nabye verhouding met u is.
   3.3 ’n prokureur aanstel om u by te staan. As u nie ’n prokureur kan bekostig nie, kan u aansoek doen om regshulp of enige nieregeringsorganisasie kontak om u by te staan.

4. Ek kan ’n aansoekvorm aan u voorsien as u om so ’n bevel wil aansoek doen. Dit is nie nodig om ’n strafregtelike klagte in te dien om ’n beskermingsbevel te kry nie.

5. ’n Persoon pleeg ’n handeling van gesinsgeweld indien daardie persoon-
   (a) u fisies mishandel;
   (b) u seksueel mishandel;
   (c) u aan emosionele, verbale of sielkundige mishandeling onderwerp;
   (d) u ekonomies mishandel;

(e) u intimideer;
(f) u teister;
(g) u seksueel teister;
(h) ’n persoon wat aan u verwant is, mishandel;
(i) u geestelik mishandel;
(j) skade aan eiendom veroorsaak;
(k) mishandeling teen ’n ouer persoon veroorsaak of pleeg;
(l) by dwanggedrag betrokke is;
(m) by beherende gedrag betrokke is;
(n) ’n kind aan gesinsgeweld blootstel;
(o) u permanente of deeltydse woning sonder u toestemming betree, waar u en daardie persoon nie dieselfde woning deel nie; of u werksplek of studieplek, sonder u toestemming, betree waar u en daardie persoon nie dieselfde werksplek of studieplek deel nie; of
(p) by enige ander gedrag van ’n intimiderende, dreigende, mishandelende, afbrekende, beledigende of vernederende aard teenoor u betrokke is,

waar sodanige gedrag u leed aandoen of die redelike oortuiging laat posvat dat u leed aangedoen gaan word.

6. ’n Aansoek om ’n beskermingsbevel teen gesinsgeweld kan namens u deur ’n ander persoon gedoen word indien die persoon wat voornemens is om om die beskermingsbevel aansoek te doen, ’n wesenlike belang in u welstand het. Sodanige aansoek moet egter met u skriftelike toestemming gebring word, behalwe in omstandighede waar u ’n persoon is wat, na mening van die hof, nie in staat is om toestemming te gee nie.

7. Enige kind, of person, mag namens 'n kind, by die hof aansoek doen vir 'n beskermingsbevel.

8. Die Hof sal jou aansoek, of die aansoek wat namens jou gebring is, oorweeg, en moet —

8.1 indien die getuienis die feit substansieer dat—

(a) die respondent ’n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het;

(b) u of ’n verwante persoon leed aangedoen word of aangedoen kan word as gevolg van daardie gedrag indien ’n beskermingsbevel nie onmiddellik uitgereik word nie; en

(c) die beskerming wat deur die tussentydse beskermingsbevel verleen sal word, waarskynlik nie behaal sal word indien voorafkennisgewing van die aansoek aan die respondent gegee word nie,

’n tussentydse beskermingsbevel teen die respondent uitreik; en

8.2 daarna ’n tydelike bevel uitreik wat-

(a) slegs in werking sal tree nadat dit aan die respondent afgelewer is (waarvoor u sal moet betaal tensy u nie die middele het om daarvoor te betaal nie; en
(b) vir ’n sekere tydperk geldig sal wees.

9. ’n Tussentydse beskermingsbevel is van krag vandat dit deur die hof uitgereik word en die kennisgewing van die bestaan en inhoud van die bevel aan die respondent beteken is. ’n Afskrif van die aansoek en getuienis tydens die aansoek aangeteken, sal aan die respondent beteken word, saam met die tussentydse beskermingsbevel, en die respondent sal gevra word om gronde te toon (redes te gee) op die datum in die bevel gespesifiseer, oor waarom die tussentydse beskermingsbevel nie finaal gemaak moet word nie. Die beskerming deur ’n tussentydse beskermingsbevel verleen is tydelik van aard en sal op die datum van die verhoor verstryk.

10. Op die datum van die verhoor, sal die hof die aangeleentheid aanhoor en kan ’n permanente beskermingsbevel uitreik wat vir ’n onbepaalde tydperk, of sodanige tydperk wat die hof by die aanvoer van goeie gronde kan bepaal geldig sal wees.

11. Die hof kan, by wyse van ’n tussentydse of finale beskermingsbevel die respondent daarvan belet om—

(a) enige handeling van gesinsgeweld te pleeg of te poog om dit te pleeg;
(b) iemand anders se hulp te kry om enige sodanige handeling te verrig;
(c) ’n woning te betree wat die klaer en die respondent deel: Met dien verstande dat die hof hierdie verbod slegs kan oplê indien dit in die belang van die klaer sal wees;
(d) ’n gespesifiseerde deel van sodanige gedeelde woning te betree;
(e) die klaer se woning te betree;
(f) die klaer se werksplek of studieplek te betree;
(g) die klaer wat gewoonlik in ’n gedeelde woonplek beoog in paragraaf *(c)* hierbo bly of gebly het, daarvan te verhoed om die gedeelde woonplek of ’n gespesifiseerde deel van die gedeelde woonplek te betree of daar te bly;

(h) enige elektroniese kommunikasie openbaar te maak of enige kommunikasie beskikbaar te stel, soos in die beskermingsbevel gespesifiseer kan word; of

(i) enige ander handeling te pleeg soos in die beskermingsbevel gespesifiseer.

12. Die hof kan ook enige bykomende voorwaardes aan die respondent oplê wat die hof redelik nodig ag om die klaer te beskerm en vir die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer voorsiening te maak.

13. Ingevolge artikel 7(5) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998, moet die fisiese, huis-, studie- of werksadres van die klaer of verwante persoon met wie die beskermingsbevel verband hou, uit die beskermingsbevel uitgelaat word, tensy die aard van die terme van die beskermingsbevel die insluiting van sodanige besonderhede noodsaak, en die hof kan enige voorskrifte uitreik om nakoming van hierdie bepaling van die Wet af te dwing.

14. Wanneer ’n hof ook al ’n tussentydse of finale beskermingsbevel uitreik, sal ’n lasbrief vir inhegtenisname van die respondent uitgereik word, maar die uitvoering van die lasbrief sal opgeskort word onderhewig aan nakoming van enige verbod, voorwaarde, verpligting of bevel wat die hof kan oplê om die handelinge van gesinsgeweld teen die klaer te verbied. Indien die respondent enige gespesifiseerde verbod, voorwaarde, verpligting of bevel oortree, kan die kaler die lasbrief vir inhegtenisname, saam met ’n beëdigde verklaring, waarin gestel moet word dat die respondent die beskermingsbevel oortree het, aan ’n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig, wat—

(a) as daar ’n moontlikheid bestaan dat die klaer leed aangedoen word of aangedoen kan word weens die beweerde verbreking van die beskermingsbevel deur die respondent, die respondent onmiddellik in hegtenis neem; of

(b) as daar onvoldoende gronde is om die respondent in hegtenis te neem, onmiddellik ’n skriftelike kennisgewing aan die respondent oorhandig om voor ’n hof te verskyn, om te antwoord op ’n strafregtelike klagte van die oortreding van ’n beskermingsbevel.

15.*(a)* U kan wanneer u om ’n beskermingsbevel aansoek doen of daarna ook aansoek doen om ’n veiligheidsmoniteringskennisgewing, as u by dieselfde plek as die respondent woonagtig is. Hierdie aansoek sal vereis dat ’n polisiebeampte gereeld per telefoon of persoonlik u veiligheid vir ’n gespesifiseerde tydperk sal monitor.
(b) Ek kan vir u die aansoekvorms gee om aansoek te doen om ’n beskermingsbevel en ’n veiligheidsmoniteringskennisgewing as u wil, of u kan hierdie vorms van die internet kry (gaan na www.justice.gov.za).

16. Benewens die aansoek om ’n beskermingsbevel, het u ook die reg om ’n strafregtelike klagte teen die respondent in te dien, by ’n polisiestasie van die gebied waar u woon, studeer, werk, ’n besigheid bedryf of waar die mishandeling plaasgevind het, indien die handeling van gesinsgeweld op ’n strafregtelike misdryf neerkom. Dit is egter nie nodig om ’n strafregtelike klagte in te dien ten einde ’n beskermingsbevel te verkry nie.

17. WAARSKUWING:

17.1 Dit is ’n strafregtelike misdryf om ’n valse stelling te maak in ’n—

(a) aansoek om ’n beskermingsbevel;

(b) aansoek om ’n veiligheidsmoniteringskennisgewing; en

(c) beëdigde verklaring ten effekte dat die respondent ’n beskermingsbevel oortree het.

17.2 Die hof kan ’n bevel ten opsigte van koste teen ’n persoon gee indien die hof oortuig is dat die betrokke persoon beuselagtig, kwelsugtig of onredelik opgetree het.

(*Skrap wat ook al nie van toepassing is nie)

Aansoeknommer: ...../20..... Datum: .....

Klerk van die hof se naam en van: .....

Naam en van van *klaer/*persoon wat namens die klaer om ’n beskermingsbevel aansoek doen:

.....

.....
*Handtekening/*duimafdruk/*merk van *klaer/*persoon wat namens die klaer om ’n beskermingsbevel aansoek doen

BEVESTIGING VAN ONTVANGS VAN VORM 8

(Om in hoflêer te plaas indien die klaer of persoon wat namens die klaer om ’n beskermingsbevel aansoek doen, met die aansoek voortgaan)

(*Skrap wat ook al nie van toepassing is nie)

Aansoeknommer: ...../20..... Datum: .....

Naam en van van *klaer/*persoon wat namens die klaer om ’n beskermingsbevel aansoek doen:

.....

Ek bevestig dat—

(a) die inligtingskennisgewing aan my oorhandig is;

(b) dit in die amptelike taal van my keuse of wat ek verstaan, was;

(c) dit *vir my voorgelees is/*ek het dit self gelees

(d) ek gevra is of ek die inhoud van die kennisgewing verstaan; en

(e) enige deel van die kennisgewing wat ek nie verstaan het nie, aan my verduidelik is.

.....
*Handtekening/*duimafdruk/*merk van *klaer/*persoon wat namens die klaer om ’n beskermingsbevel aansoek doen

Klerk van die hof se naam en van: .....

.....
Handtekening

Stempel van klerk van die hof